O Vader, God en Skepper!

O Vader, God en Skepper wat alles onderhou,
U skenk ons Jesus Christus, op Hom sal ons vertrou.
U Seun is ons Verlosser, Hy het deur kruis en bloed,
en deur sy groot oorwinning vir al ons skuld geboet.

O Jesus wat ons liefhet en ons nou leer en lei,
wat eendag weer sal t'rugkom, dan is ons ewig vry!
U stuur u Gees wat elkeen met krag en gawes seën,
ons een maak in ons Here en aan ons hulp verleen.

O Gees van God U roep ons, ons wil gehoorsaam wees.
U heilig en verseel ons vir God se ew'ge fees.
Drie-enig God ons eer U, ons lewe U gewy.
Ons glo! Ons weet! Ons jubel! Omdat U by ons bly.

Kan gesing word op Melodie van Liedboek van die Kerk 354